

# Kersfees Kopkrapper 8



Daar is 10 kersfees kopkrappers wat elkeen na 'n ander deel of boodskap van die verhaal van Jesus se geboorte kyk. Elke kopkrapper is in 'n ander formaat, om dit interessant te hou. Die 1983 vertaling van die Bybel is vir die skryf van die Kersfees Kopkrappers gebruik.

## Instruksie:

Gebruik die 'raaisels' om die regte woorde in die plek van die sirkels in te vul, om die boodskap te ontsyfer wat die engel aan die skaapwagters gegee het.

1 is daar vir 2 in die 3 van 4 die 5  
6 7 die Here! En dit is vir julle die 8  
Julle sal 'n 9 10 wat in 11 12  
is en in 'n 13 14 .

1 nie gister of môre nie, maar....	2 'n klomp van ons
3 baie mense bly daar	4 'n man na God se hart
5 Hy red ons van ons sondes	6 jy herdenk dit met jou verjaarsdag
7 nog 'n naam van Jesus	8 die nagmaal is dit vir ons
9 'n klein babatjie	10 soek en jy sal ....
11 baba's dra dit	12 ons doen dit met geskenke
13 diere eet daaruit	14 as jy nie sit of staan nie dan.... jy

## Antwoord: Lukas 2:11-12

 1	nie gister of môre nie, maar.... <b>Vandag</b>	 2	'n klomp van ons <b>julle</b>
 3	baie mense bly daar <b>stad</b>	 4	'n man na God se hart <b>Dawid</b>
 5	Hy red ons van ons sondes <b>Verlosser</b>	 6	jy herdenk dit met jou verjaarsdag <b>gebore</b>
 7	nog 'n naam van Jesus <b>Christus</b>	 8	die nagmaal is dit vir ons <b>teken</b>
 9	'n klein babatjie <b>kindjie</b>	 10	soek en jy sal .... <b>vind</b>
 11	baba's dra dit <b>doeke</b>	 12	ons doen dit met geskenke <b>toegedraai</b>
 13	diere eet daaruit <b>krip</b>	 14	as jy nie sit of staan nie dan.... jy <b>lê</b>

“Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser

gebore, Christus die Here. End it is vir julle die teken, julle sal ‘n

kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in ‘n krip lê”.